ES ARGIEF

**Verw. PV 19**

# INVENTARIS VAN DIE
# PAARDEKRAAL FEESKOMITEE

Saamgestel deur: P. Luus

Junie 2017

Pretoria

**Voorwoord:**

Die hoofdoel van die Paardekraal Feeskomitee is om jaarliks die feesvierings by die Paardekraal-monument te organiseer, die gelofte wat in 1880 hier afgelê is te herdenk en die verband van Afrikaner-broederskap en volkseenheid te versterk. Op 8 Desember 1880 het sowat 6000 burgers van ZAR by Paardekraal saamgetrek en dit was tydens hierdie vergadering besluit dat die tyd aangebreek het om iets teen Britse besetting te doen. Op 'n voorstel van Paul Kruger het die burgers 'n klipstapel gepak op die plek waar die monument vandag staan as deel van ‘n versetaksie teen Britse oorheersing. Op hierdie tydstip is die Paardekraalgelofte ook afgelê. Hierdie vergadering het die Slag van Majuba tot gevolg gehad en die herstel van vryheid van die ZAR op 27 Februarie 1881. Van 13 tot 16 Desember 1881, hou 'n dankbare volk 'n reusefees op die terrein en die eerste staatsfees in 1886 is ook hier gevier. In 1889 is besluit om ‘n permanente monument oor die klipstapel te bou. Dit is in November 1890 voltooi. In Desember 1891 is 'n huldigingsfees op Paardekraal gehou, waartydens pres. Paul Kruger die monument onthul het. Dit was ook die eerste volksfees waar die Gelofte van 1838 weer herdenk is.

Die ontstaan van die Paardekraal Feeskomitee het sy huidige samestelling te danke aan die besluit van die volksvergadering wat tydens die Staatsfees op Maandag, 16 Desember 1949 geneem is. Hierdie besluit is geneem om kontinuiteit te verseker, die verkiesing van ‘n feeskomissie tydens die Geloftefeesviering uit te skakel en die Paardekraal Feeskomissie op ‘n permanente grondslag te plaas. Die komissie word gekies deur ‘n raad wat verteenwoordigend van die feesgangers is. Die Paardekraal Feeskomissie ontleen sy gesag aan die feesgangers wat in volksvergadering te Paardekraal byeen is, sowel as aan die vyfjaarlikse Staatsfees. Die komissie gee uitvoering aan die funksies wat in die Grondwet van Paardekraal aan hom opgedra is.

**Inhoudsopgawe** **Bl**


1. Vergaderings 1

2. Korrespondensie 1

3. Notaboeke / Korrespondensieboek / Lederegister / Presensielys 2

4. Finansies 2

5. Statutêre dokumente / Toesprake / Krugeraand-vierings / Foto's 3

6. Feesprogramme 3

7. Feesboodskappe 3

8. Memorandums / Herinneringe / Notas 3

9. Gedenkseëls / Koeverte 3

10. Publikasies 3

11. Drukplate 3